

HOOFSTUK VIER.

DIE VERBUIGING VAN DIE SNW.— GESLAG, VERKLEINWOORDE, NAAMVAL.

1. GESLAG.

Alleen lewende wesens, d.w.s. persone en diere, het geslag in Afrikaans ; lewenslose voorwerpe is almal geslagloos.

Lewende wesens kan wees :—

- (1) **Manlik**, b.v. **man**, **ram**.
- (2) **Vroulik**, b.v. **vrou**, **ooi**.
- (3) **Gemeenslagtig**, d.w.s. manlik of vroulik, b.v. **mens**, **skaaap**.

Geslag kan in Afrikaans op die volgende maniere aangedui word :—

- A. Deur **aparte woorde** vir die manlike en vroulike vorme te gebruik :—
man—vrou, oom—tante.
- B. Deur die **agtervoegsels -in, -es, -e, -iese, -ster** aan die manlike vorm (of woordstam) te voeg om dit vroulik te maak :—
-in : boer—boerin
-es : prins—prinses
-e : president—presidente
-iese : direkteur—direktriëse
-ster : bakker—bakster.
- C. Deur woorde uit A soos **manneljje, wyfie, haan, hen**, ens., by gemeenslagtige snw. te voeg :—
manneljjeleu leeuwylie
hoenderhaan hoenderhen.

A. Aparte Woorde.

baas	nooi, nôi	oom	tante
beer	sog	oujonkman	oujongnooi
broer	suster	oupa	ouma
bruidegom	bruid	pa	ma
bul	koei	peetoom	peettante
buurman	buurvrou	ram	ooi
haan	hen	reun	teef
heer	dame	seun	dogter
hings	merrie	skoonbroer	} skoonsuster
jong	meid	swaer	
jongetjie	meisie	stiefvader	stiefmoeder
man	vrou	strooionker	strooimeisie
monnik	non	vader	moeder
neef	niggie	wewenaar	weduwee

B. Deur Agtervoegsels.
-IN.

beer	berin	keiser	keiserin
boer	boerin	koning	koningin
god	godin	christen	christin
graaf	gravin	tsaar	tsarin
heiden	heidin	vors	vorstin
held	heldin	vriend	vriendin
hertog	hertogin	wolf	wolvin
Jood	Jodin		

-ES.

baron	barones	prins	prinses
bedelaar	bedelares	profeet	profetes
dienaar	dienares	sanger	sangeres
digter	digteres	sondaar	sondares
onderwyser	onderwyseres	voog	voogdes
priester	priesteres		

-E.

eggenoot	eggenote	president	presidente
orrelis	orreliste	tesaurier	tesauriere
pianis	pianiste	sekretaris	sekretaresse

-IESE.

akteur	aktriese	inspekteur	inspektriese
direkteur	direktriese	lektor	lektriese
donateur	donatriese	redakteur	redaktriese
eksaminator	eksaminatriese		

-STER.

bakker	bakster	speler	speelster
breier	breister	spreker	spreekster
helper	helpster	swemmer	swemster
kleremaker	kleremaakster	tikker	tikster
koper	koopster	voorsitter	voorsitster
skrywer	skryfster	werker	werkster

C. Deur woorde uit A by gemeenslagtige snw. te voeg.

manneljie-leeu	wyfie-leeu
leeumannetjie	leeuwylie
gansmannetjie	ganswyfie
volstruismannetjie	volstruiswyfie
tiermannetjie	tierwyfie
ens.	
mansmens	vroumens
burgemeester	burgemeestersvrou
jongetjieskind	meisiekind
hoenderhaan	hoenderhen
bulkalf	verskalf
hingsvul	merrievul
bokram	bokooi

Opmerking.—Daar is baie **gemeenslagtige woorde**, d.w.s. woorde wat of manlik of vroulik kan wees, veral **diername**. Dink maar aan :—

bok, skaap, leeu, tier, bees, hoender, hond, perd, lam, vark, fisant, vul, volstruis, ens.

Daar is ook 'n hele klompie gemeenslagtige woorde wat betrekking het op **persone**, b.v. :—

gade, mens, weeskind, tweeling, getuie, stadgenoot, landgenoot, huisgenoot, student, leerling, lidmaat, vreemdeling, vlieënier, ens.

2. VERKLEINWOORDE.

Met behulp van die volgende agtervoegsels kan ons verkleinwoorde in Afrikaans vorm:—**-ie, -jie, -tjie, -etjie, -entjie, -pie, -kie**. Die volgende reëls kan hier toegepas word:—

(1) **-IE** : Snw. op **s, k, p, g, f** (**skaapgif**).

(2) **-JIE** : Snw. op **d** en **t**.

(3) **-TJIE** :

(a) Snw. op **l, n, r**, waar hierdie konsonante voorafgegaan word deur 'n lang (of halflang) klinker, 'n diftong, **oe, ie**, of 'n kort, swakbeklemtoonde klinker.

(b) Snw. wat op 'n klinker of tweeklank eindig.

(4) **-ETJIE** : Snw. op **l, m, n, r**, waar hierdie konsonante voorafgegaan word deur 'n kort, beklemtoonde klinker.

(5) **-PIE** : Snw. op **m**, waar dit voorafgegaan word deur 'n lang vokaal, 'n diftong, **oe, ie**, 'n swakbeklemtoonde klinker of die konsonante **l** en **r**.

(6) **Snw. op -NG** :—

(a) neem **-kie** (die **g** val weg) as die voorlaaste lettergreep die aksent dra.

(b) neem **-etjie** in ander gevalle.

Opmerking.—Hier bestaan 'n sterk neiging om maar orals waar moontlik **-kie** te gebruik.

VOORBEELDE.

(1) -IE	s	huis	huisie
		nes	nessie
	k	tak	takkie
		boek	boekie
	p	pop	poppie
		skaap	skapie
	g	dag	daggie
		vrag	vraggie
		vraag	vragie
	f	sif	siffie
druif		druifie	
(2) -JIE	d	meid	meidjie
		lied	liedjie
	t	pot	potjie
		maat	maatjie

- | | | | |
|--------------------------|---|---|--|
| (3) (a) -TJIE : I | (lang klinker)
(diftong)
(oe)
(ie)
(swakbek. kl.) | saal
voël
stoel
kiel
lepel | saaltjie
voëltjie
stoeltjie
kieltjie
lepeltjie |
| n | (lang klinker)
(diftong)
(oe)
(ie)
(sw. kl.) | been
seun
skoен
masjien | beentjie
seuntjie
skoentjie
masjientjie |
| r | (lang kl.)
(diftong)
(oe)
(ie)
(sw. kl.) | laken
vuur
deur
roer
mier
moeder | lakentjie
vuurtjie
deurtjie
roertjie
miertjie
moedertjie |
| (3) (b) -TJIE | (klinker)

(tweeklank) | pa
kafee
vrou
spreeu
sooi | paatjie
kafeetjie
vroutjie
spreeutjie
sooitjie |
| (4) -ETJIE | I val
manel
m lam
bom
n man
son
r ster
kar | valletjie
manelletjie
lammetjie
bommetjie
mannetjie
sonnetjie
sterretjie
karretjie | |
| (5) -PIE : m | (lang vokaal)
(diftong)
(oe)
(ie)
(sw. klinker)
(l)
(r) | boom
duim
roem
riem
wasem
skelm
swerm | boompie
duimpie
roempie
riempie
wasempie
skelmpie
swermpie |
| (6) (a) -KIE | koning
woning
herhaling | koninkie
woninkie
herhalinkie | |

(b) -ETJIE	ring	ringetjie
	ding	dingetjie
	vreemdeling	vreemdelingetjie

7. Onreëlmatige verkleinwoorde.

blad	blaadjie	pad	paadjie
gat	gaatjie	rib	ribbetjie
glas	glasie	spel	speletjie (spelletjie)
lewe	lewentjie (lewetjie)	vat	vaatjie
nooi	nooientjie	wa	waentjie
nôï	nôïentjie		

Opm. 1.—'n Aantal woorde bestaan nog **net as verkleinwoorde**; die oorspronklike woorde, waarvan hulle afgelei is, word òf nie meer gebruik nie òf hulle het ander betekenisse aangeneem.

VOORBEELDE: **boontjie, ertjie, baadjie, mandjie, koppie, meisie, jongetjie,** ens. Omdat ons baie van hierdie woorde nie meer as verkleinwoorde voel of gebruik nie, kry ons sulke stapelvorme soos **meisietjie, boontjietjie, mondjietjie,** ens. (sien Hoofstuk 24, par. 5).

Opm. 2.—Behalwe om werklike kleinheid aan te dui, gebruik ons verkleinwoorde ook in Afrikaans om gevoelens soos **liefde, minagting, gemeensaamheid,** ens., uit te druk, b.v.

Liefde: Moeder se liefie, skatjie, liefstetjie, ens.

Minagting: Hy is maar 'n gewone ou kantoorwerkertjie.

Gemeensaamheid: Dag, nefie, hoe gaan dit?

3. NAAMVAL.

In ouer tale soos Grieks, en in sommige moderne tale soos Duits, tref ons baie naamvals-uitgange aan: verskillende vorme vir verskillende naamvalle, b.v. in Duits het ons :—

der Mann (1e Naamval)
des Mannes (2e Naamval)
dem Manne (3e Naamval), ens.

Met die uitsondering van party ou tweede en derde naamvalle wat ons nog behou het (sien einde van hierdie hoofstuk), het ons in Afrikaans **geen naamvalsuitgange** nie. Die **vorm** van 'n

woord bly dieselfde, of dit 1e, 2e, 3e of 4e naamval is ; en ons oordeel die naamval, nie volgens die uitgang nie, maar volgens die **posiesie** van die woord in die sin.

Die snw. word in Afrikaans dus nie verbuig om verskil in naamval aan te toon nie (behalwe in die geval van ou tweede en derde naamvalle, soos : kind des doods, ten gronde, ens.).

Al na gelang van die plek wat 'n snw. in 'n sin beklee, kan ons dan die volgende vier naamvalle in Afrikaans hê :—

1e Naamval of Nominatief of Onderwerpsnaamval.

2e Naamval of Genitief of Besitsnaamval.

3e Naamval of Datief of Indirekte Voorwerp.

4e Naamval of Akkusatief of Direkte Voorwerp.

Die EERSTE NAAMVAL (nominatief) kry ons by :—

- (1) Snw. wat die **onderwerp** van 'n sin is, b.v.
Die **kind** is soet.
Jan speel met sy tol.
- (2) Snw. wat **aangespreek** word, b.v.
Jan, gaan haal die perde.
Jy, **O Napoleon**, was te eersugtig.
- (3) Snw. wat na die koppelwerkwoorde **is, word, lyk, blyk, skyn, bly, heet** staan, b.v.
Jan **is** 'n kind.
Ek **word** predikant.
- (4) Snw. wat 'n **bystelling** (apposisie) vorm van 'n snw. wat alreeds volgens (1), (2) of (3) in die eerste naamval is, b.v.
Lee Bible, die **Amerikaan**, het op Daytona-strand verongeluk.

In die TWEDE NAAMVAL (genitief) is :—

- (1) Snw. deur **se** gevolg, b.v.
Dis **Jan se** hoed.
- (2) Snw. wat nog **ou tweede-naamvals-uitgange** toon, soos :
Gods liefde, kind **des doods**.

Die VIERDE NAAMVAL (akkusatief) tref ons aan by :—

- (1) Snw. wat die **direkte voorwerp** van 'n sin is, b.v.
Ek sien die **man**.

- (2) Snw. wat **na voorsetsels** staan, b.v.
Ek sien die man **in** die **kamer**.
- (3) Woorde wat **gewig, tyd, maat** of **waarde** uitdruk, b.v.
Gewig: Die sak weeg **tien pond**.
Tyd: Dirk het **drie jaar** daar gewoon.
Maat: Hy is **vyf voet** hoog.
Waarde: Dit kos my **tien sjelings**.
- (4) Snw. wat 'n **bystelling** (apposisie) vorm van 'n snw. wat alreeds volgens (1), (2) of (3) in die 4e Naamval is, b.v.
Ek sien Jan, die **timmerman**.

Die DERDE NAAMVAL (datief) is die indirekte voorwerp, b.v.

Hy vertel **Jan** 'n storie.

In hierdie sin het ons twee voorwerpe :

Jan, indirekte voorw. (3e Naamval), en

Storie, direkte voorw. (4e Naamval).

Let op dat die voorsetsels **aan** of **vir** weggelaat word by die 3e Naamval; so gou soos hulle nie weggelaat word nie, kry ons die 4e Naamval (na voorsetsels, sien bo).

OU TWEDE NAAMVALLE

tref ons nog dikwels in Afrikaans aan in vaste uitdrukkinge, erstukke uit Nederlands. Ons noem 'n paar :—

snags	myns insiens	kind des doods
soggens	syns insiens	steen des aanstoots
smorens	onses insiens	sweet des aanskyns
smôrens	syns weegs	stem des roepende
saans	syns ondanks	engel des ligs
smiddags	desondanks	brood der smarte
grotendeels	desnoods	kwelling des geestes
enigsins	destyds	
geensins	desgelyks	
allesins	goedsmoeds	
eersdaags	deesdaags	

OU DERDE NAAMVALLE

word ook nog in Afrikaans in vaste uitdrukkinge aangetref, soos in :—

ten eerste, tweede, ens.	ten gevolge van
ten seerste	ten opsigte van
ten beste	ten voordele van
ten volle	ten nadele van
ten dele	ten koste van
ten slotte	ten gunste van
ten regte	ten behoefte van
ten onregte	ten spyte van
ten strengste	ter harte (neem)
ten gronde (gaan)	ter elfder ure
te lande	ter sprake
hedentendage	ter dood (veroordeel)
agterweë	terwille van
van harte (gelukwens)	ter insage
ternouernood	ter ore (kom)
mettertyd	ter ere van
byderhand	ter bekwamer tyd
by magte	met dien verstande
in der ewigheid	ter aarde bestel
wel ter tale	ter sake
in der minne	

Oefening 4a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om in sinne te gebruik :—
lewende, lewenslose, gemeenslagtig, behulp, tweeklank, naam-
valsuitgange, werklike, beklee, bystelling, uitdrukkinge.

Oefening 4b.

1. Gee die teenoorgestelde geslag (d.w.s. die vroulike vorme van die manlike, en die manlike vorme van die vroulike) van :—
eggenoot, berin, inspekteur, Jood, hen, merrie, voog, ouma, ram, tierwyfie, meisie, bruid, reun, jong, sekretaris, mannetjiefisant, hertogin, koei, sondaar, tikker.
2. Gee die verkleinwoordjies van :—
Beker, skottel, kostuum, hok, geweer, poskar, spook, manel, tapyt, ondervinding, woning, ring, rotting, áppel, skelm, blom, timmerman, bedelaar, bruidegom, peetoom.

Oefening 4c.

1. Gee, in kolomme, die meervoud en verkleinwoord van :—

Gat, lat, vat, mat, maat, pa, wa, pad, stad, blad, skip, lip, plas, glas, nooi, sooi, vel, spel, bevel, rib.

2. Gee, in kolomme, die vroulik, meervoud en verkleinwoord van :—

Broer, wolf, skrywer, Jood, voog, vors, profeet, orrelis, buurman, lektor, reun, swaer, spreker, heer, beer, christen, sondaar, koning, god, sekretaris.

Oefening 4d.

Gebruik in goeie volsinne :—

Hedentendage, ten behoeve van, ter harte neem, ten gronde gaan, myns insiens, mettertyd, brood der smarte, ten dele, desnoods, ter elfder ure.

Oefening 4e.

Skryf die volgende sinne oor, maar verander die geslagte van al die snw. en vnw. wat tussen hakies staan :—

- (1) My (broer) is 'n kosganger by die (jongetjieskool) in die Paarl. Die (hoofonderwyser) is een van my (vader) se oudste (vriende).
- (2) Die (president) van die vereniging is 'n (man) wat ek vir jare al ken. Die (sekretaris) en die (tesaurier) is ook (here) van die grootste opregtheid.
- (3) Die (koning) en (sy) (seun) die (prins) het die (keiser) 'n besoek gebring.
- (4) Die (jong) het 'n boodskap aan (sy) (baas) geneem.
- (5) Die (vrou) van die (digter) was vroeër 'n (aktriese).
- (6) My (oom) het 'n (bedelaar) in die dorp ontmoet.
- (7) Die (vors), wat vroeër 'n (heiden) was, is nou 'n (christen).
- (8) (Hy) het (sy) volk beveel om hulle valse (gode) te verniel.
- (9) Die nuwe (baron) wat 'n (Jood) is, is 'n (neef) van die beroemde (skrywer).
- (10) Die (held) het in die see gespring, en het die (dogter) van die (tsaar) gered.

Oefening 4f.

Watter naamval is die snw. tussen hakies in Oef. 4e : (1), (2), (5), (7), (9), (10) en waarom ?

Oefening 4g.

Skrywe Oefeninge 3d en 3e oor maar gebruik (waar moontlik) die verkleinwoorde van die snw.

TIEN VRAE (op Hoofstuk 4).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Watter drie geslagte kan lewende wesens in Afrikaans hê ?
Het lewenslose voorwerpe ook in Afrikaans geslag ?
2. Op watter drie maniere kan ons die onderskeid tussen manlik en vroulik aandui ?
3. Watter vyf agtervoegsels word gebruik om te onderskei tussen manlik en vroulik ? (Gee 5 voorbeelde van elk.)
4. Skryf neer—
 - (i) **tien** gemeenslagtige persoonsname.
 - (ii) **tien** gemeenslagtige diername.
5. Hoe word verkleinwoorde gevorm ?
6. Word verkleinwoorde in Afrikaans net gebruik om werklike kleinheid aan te dui ?
7. Gee **vyf** snw. wat nog net as verkleinwoorde bestaan.
8. Beoordeel ons die naamval van 'n Afrikaanse snw. volgens sy uitgang ? Verklaar.
9. Watter vier naamvalle het ons en watter diens kan hulle verrig ?
10. Skryf neer—
 - (i) **tien** ou 2e naamvalle (uit Ndl. geërf).
 - (ii) **tien** ou 3e naamvalle (uit Ndl. geërf).

TOETS EEN.

(Hoofstukke 1—4).

A. OEFENINGE.

1. Gebruik die meervoude van die volgende woorde in goeie volsinne :—
seën, eer, aanbod, gebod, bedrog, genot, eienaardigheid, beleg, doel, landsman.
- 2 (a) Gebruik in sinne :—
arm (1) as snw. in twee betekenisse,
(2) as bnw. in twee betekenisse.
lei (1) as ww., (2) as snw.
ken (1) as snw., (2) as ww.
kies (1) as snw., (2) as ww.
vinnig (1) as bnw., (2) as byw.
- (b) Plaas 'n deelteken, koppelteken of kappie waar nodig :—
tweeuur, perdewaens, verafgelee, teoriee, ruens, teestellinge, brue, meeet, kerel, oujongnoiens, oujongnooiens, varksoe, mensoe, naaap, seeend, huisleer, leermag, spieelgladde, uieoes.
3. Die o.s. snw. het elkeen twee meervoude met verskillende betekenisse. Gebruik hulle in sinne om die onderskeid aan te toon :—
kus, hoop, las, saal, gif, gas, skof, letter, ruit, drif.
4. Gee, in kolomme, die meervoud, verkleinwoord en vroulik van :—

koper	profeet	baron	lam
spel	oom	jong	seun
jongetjie	man	vader	lektor
bedelaar	skrywer	koning	monnik
5. Benoem die rededele in die volgende sinne :—
 - (1) Die hoogmoedige seun het gister sy verwaande kop tog te lekker gestamp.
 - (2) Ek sal waarskynlik more vir jou die geld kan laat kry.
 - (3) Ag! was ek maar ryk!
 - (4) Jan is baie maer maar baie gesond.

6. Gee die meervoud en verkleinwoord van :—

gat	lesing	blad	artillerie
stof	prinses	blaar	gebrek
stoof	stroom	wa	notaris
hemp	horing	lid	sekretaris
lewe	gebed	deug	sieraad
tree	oorlog	sog	nederigheid
hoera	gelid	bog	gemoed
volk	kreef	oog	werksman

7. Gebruik in sinne sodat die onderskeid duidelik blyk :—

voorskoot, voorskot ; grote, grootte ; ys, eis ; end, ent ;
 bod, bot ; kruid, kruit, kryt ; leer, leër, lêer ; tere, tère ;
 bere, bêre ; swaar, swaer ; weë, weeë, wieë.

8. Vul in die regte voorsetsels :—

- (1) Ek kyk — die muur — my broer wat — sy horlosie kyk.
- (2) Ek skryf 'n brief — Jan wat — tienuur — trein — De Aar vertrek het.
- (3) Toe hy so — my kla — die droogte, het ek hom herinner — sy plig as christen.
- (4) Ek is — mening dat jy te veel spog — jou geleerdheid.
- (5) Hy stel baie belang — sy werk al ly hy 'n bietjie — opgeblasenheid.

9. Gebruik o.s. woorde met verskillende betekenis in kort sinnetjies :—

as (2), **es** (2), **dis** (2), **dom** (2), **kool** (2), **leer** (4), **gebod** (2), **blaaie** (2), **sy** (4), **bal** (2), **myne** (2), **gesel** (2), **lokasie** (2).

10. Voltooi :—

- (a) Ek sal more skool-toe gaan, al . . .
- (b) Ek sal more skool-toe gaan, alhoewel . . .
- (c) Ek sal more skool-toe gaan, want . . .
- (d) Ek sal more skool-toe gaan, omdat . . .
- (e) Ek sal more skool-toe gaan, maar . . .
- (f) Ek sal more skool-toe gaan, nogtans . . .
- (g) Ek sal more skool-toe gaan, nadat . . .
- (h) Ek sal more skool-toe gaan, dus. . .
- (i) Ek sal more skool-toe gaan, terwyl . . .
- (j) Ek sal more skool-toe gaan, of . . .

B. GRAMMATIKA.

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Gee reëls vir die vorming van verkleinwoorde.
 2. Wanneer en waarom skryf ons **d** aan die end van woorde hoewel ons dit as **t** uitspreek ?
 3. (a) Wat is die vernaamste meervoudsuitgange in Afrikaans ?
(b) Watter algemene reël kan vir meervoude toegepas word ?
 4. Skryf 'n aantekening oor die aaneenskrif van woorde (a) sonder, en (b) met die koppelteken.
 5. Waarom skryf ons **skêr** met 'n kappie en **perd** daarsonder ? Verklaar ook die spelling van **hoe, hoë, laer, droër, bere, bêre**.
 6. Skryf neer algemene spelreëls vir (a) klinkers, (b) medeklinkers.
 7. Skryf neer (a) **tien** meervoude, en (b) **vyf** verkleinwoorde wat onreëlmatig is, d.w.s. afwyk van jou spelreëls van vraag 6.
 8. Watter middele word in Afrikaans aangewend om te onderskei tussen manlik en vroulik ?
 9. Bewys hoe onmoontlik dit is om rededele in tien van mekaar onafhanklike klasse te verdeel.
 10. As ons van „taalreëls” praat (b.v. vir spelling, meervoude, ens.), wat bedoel ons dan eintlik ? Wie maak hierdie reëls ? Is hulle onskendbaar ? So nie, waarom nie ?
-

HOOFSTUK VYF.

VOORNAAMWOORDE.

Voornaamwoorde is plaasvervangers van snw. en kan, soos ons in Hoofstuk 2, par. 5 aantoon het, in verskillende klasse ingedeel word.

(1) PERSOONLIKE VNW.

Die persoonlike vnw. word as volg verbuig :—

	ENKELVOUD.			MEERVOUD.		
	1e Naamv.	2e Naamv.	3e en 4e Naamval	1e Naamv.	2e Naamv.	3e en 4e Naamv.
1e Persoon . .	ek	my, myne	my	ons	ons	ons
2e Persoon . .	jy, u	jou, joue, joune, u	jou, u	julle, u	julle, u, julle s'n, u s'n	julle, u
3e Persoon . .	hy, sy, dit	sy, syne, haar, hare	hom, haar, dit	hulle	hulle, hulle s'n	hulle

Opm. 1.—**Jy, jou, julle** is die gewone vorme wat ons teenoor ons vriende en minderes gebruik ; **u** is die beleefde vorm wat ons teenoor vreemdes en meerderes gebruik. In besigheid word **u** dus altyd gebruik.

Opm. 2.—**Gy** tref ons net in die 1e naamval aan as aanspreekvorm van die Allerhoogste. Ook **U** word natuurlik hier gebruik. As 2e, 3e en 4e naamvalle van **Gy** word **U** gebruik, b.v. :—

Gy het ons **U** Soon gegee.

Opm. 3.—Die vorme **jul** en **hul** i.p.v. **julle** en **hulle** word ook aangetref.

Opm. 4.—Onder andere vind ons **jou** dikwels in uitroepe, soos : **Jou** skelm ! **Jou** vabond !

Opm. 5.—Gewoonlik word **dit** vir sake en die ander pers. vnw. vir persone gebruik, maar daar is baie gevalle waar van hierdie algemene gebruik afgewyk word. Soms vind ons **dit** vir persone, soos in :—

Dit is (dis) Jan wat gekom het ;
en **hy, hom, sy, haar** vir sake, b.v.

Suid-Afrika het die hulp nodig van al **haar** seuns en dogters (persoonsverbeelding).

Opm. 6.—**Voorsetsels en DIT.**

As **dit** deur 'n voors. voorafgegaan word, verander dit tot **daar** + voors. (één woord).

Voors. + **dit** word **daar** + **voors.** (één woord).

in + dit word daarin

op + dit word daarop, b.v.

Dis 'n stoel ; ek sit daarop (i.p.v. op dit). Verdere voorbeelde :—

met + dit : daarmee ; vir + dit : daarvoor ;

aan + dit : daaraan ; agter + dit : daaragter. ens.

(2) BESITLIKE VNW.

Die 2e naamval van pers. vnw. word hier gebruik. Hulle dui besit aan, b.v. Dis **my** boek, **jou** potlood, ens.

Baie vnw. kan **attributief** (as 'n soort bnw., vóór 'n snw.) en **predikatief** (ná 'n ww.) gebruik word, b.v. :—

Attributiewe gebruik : Dis **my** boek.

Predikatiewe gebruik : Die boek is **myne**.

Die volgende tabel pers. en besitlike vnw. sal verder verduidelik :—

PERSOONLIKE
VOORNAAMWOORDE.

1e naamv.	4e naamv.
Dis ek .	Jan sien my .
Dis jy .	Jan sien jou .
Dis u .	Jan sien u .
Dis hy .	Jan sien hom .
Dis sy .	Jan sien haar .
Dis dit .	Jan sien dit .

Dis ons .	Jan sien ons .
Dis julle .	Jan sien julle .
Dis u .	Jan sien u .
Dis hulle .	Jan sien hulle .

BESITLIKE
VOORNAAMWOORDE.

Attributief.	Predikatief.
Dis my boek.	Die boek is myne .
Dis jou boek.	Die boek is jou(n)e .
Dis u boek.	Die boek is u s'n .
Dis sy boek.	Die boek is syne .
Dis haar boek.	Die boek is hare .

Dis ons boek.	Die boek is ons s'n .
Dis julle boek.	Die boek is julle s'n .
Dis u boek.	Die boek is u s'n .
Dis hulle boek.	Die boek is hulle s'n .

(3) WEDERKERENDE VNW.

Wanneer die handeling, wat deur die ww. uitgedruk word, tot die onderwerp van die sin terugkeer, m.a.w. wanneer onderwerp en voorwerp één en dieselfde persoon is, kry ons **wederkerende of terugwerkende vnw.**, b.v.

Ek skeer **my**, **jy** skeer **jou**, **hy** skeer **hom**, ens.

Die vorme van die wederkerende vnw. is dus dié van die 4e naamval van pers. vnw.

(4) WEDERKERIGE VNW.

Wanneer die handeling, wat deur die ww. uitgedruk word, die persone of dinge (onderwerp) wederkerig raak, kry ons die wederkerige vnw. **mekaar**, b.v.

Ons het **mekaar** ontmoet. Jan en Piet was **mekaar**. Die pot en die ketel verwyf **mekaar**.

(5) BETREKLIKE VNW.

Betreklike vnw., soos die naam reeds aandui, het betrekking op voorafgaande snw. waarna hulle verwys, en dien tegelykertyd as verbindingswoorde om byvoeglike bysinne in te lei (sien Hoofstuk 12), b.v.

Die man, **wat** daar loop, is my oom.

Die vrou, **wat** jy gesien het, is baie ryk.

Ek sien die beeste **wat** op die rûens wei.

Waens **wat** vyf wiele het, is seldsaam.

Soos blyk uit hierdie voorbeelde, word **wat** gebruik vir persone, diere en dinge, enkelvoud en meervoud.

Voorsetsels en wat.

Wat, net soos **dit** (sien (1) bo, Opm. 6), verander as 'n voors. daarvoor staan of dit beïnvloed.

- (1) As **wat** op **persone** betrekking het en deur 'n voors. beïnvloed word, verander dit gewoonlik tot **wie** en word deur die voors. voorafgegaan, b.v.

Hy is 'n man **op wie** ek vertrou (i.p.v. **wat** ek **op** vertrou).

- (2) As **wat** op **sake** betrekking het en deur 'n voors. beïnvloed word, verander dit gewoonlik tot **waar** en word deur die voors. gevolg, waarmee dit één woord vorm, b.v.

Die stoel **waarop** ek sit, is stukkend (i.p.v. **wat** ek **op** sit).

Dus :—

- (1) **Wat + voors.** (persone) word **voors. + wie** (twee woorde).
- (2) **Wat + voors.** (sake) word **waar + voors.** (één woord).

Vergelyk die volgende sinne :—

- (1) Hy is die man **met wie** ek gereis het (i.p.v. wat ek mee gereis het).
- (2) Dis gif **waarmee** jy sprinkane spuit (i.p.v. wat jy sprinkane mee spuit).
- (1) Hy is iemand **in wie** ek belangstel (i.p.v. wat ek in belangstel).
- (2) Die kamer, **waarin** ons gesit het, was groot (i.p.v. wat ons in gesit het).

Daar is egter baie gevalle, selfs in die taal van „geleerde” mense, waar die **wat + voorsetsel**-konstruksie behou word. So hoor ons elke dag :—Die perd **wat** ek **op** ry, ’n man **wat** ek **van** hou, ens.

(6) VRAGENDE VNW.

Vragende vnw., soos die naam aandui, is plaasvervangers van snw. na wie hulle vra. **Wat** ? word vir dinge en **wie** ? vir persone gebruik.

Party vragende vnw. soos **wat** ? **wie** ? **wie s'n** ? word **selfstandig** gebruik, d.w.s. hulle kan alleen staan, sonder hulp van ’n snw.; ander soos **watter** ? **wie se** ? word **byvoeglik** gebruik, d.w.s. hulle staan nooit alleen nie maar word altyd van ’n snw. vergesel, b.v.

Wat het jy daar ?	}	word selfstandig gebruik.
Wie is jy ?		
Hierdie hoed is myne ; wie s'n is dit daardie ?		

Watter boek wil jy hê ?	}	byvoeglik.
Wie se hoed is dit ?		

Die vragende vnw. **wat** ? net soos die betreklike vnw. **wat** (sien (5) bo), verander onder invloed van ’n voors. ; en omdat die vragende vnw. **wat** ? altyd na dinge vra, kry ons hier altyd ’n geval van (2) soos in paragraaf (5) bo uiteengesit, d.w.s.

Voors. + wat ? word **waar + voors.** (één woord).*

Langs hierdie weg kry ons 'n hele klomp variante van **wat** ? wat as vragende vnw. diens doen, o.a. **waarop** ? **waarvan** ? **waarom** ? **waarmee** ? **waardeur** ? ens.

(7) AANWYSENDE VNW.

Soos die naam ons vertel, het hierdie vnw. aanwysende krag : hulle vestig die aandag op 'n spesiale persoon of saak.

Die bekendste aanw. vnw. is :—

hierdie : Hierdie boek is myne.

hierdie een : Hierdie boek is myne, en hierdie een joune.

daardie : Daardie man is my oom.

daardie een : Hierdie een is myne, daardie een joune.

dié (i.p.v. hierdie, daardie) : Is dié vent nog al die tyd hier ?

dié een (i.p.v. hierdie een, daardie een).

dieselfde : Dis dieselfde ou storie oor.

dergelike : Dergelike sake hoort nie hier tuis nie.

sulke : Sulke mense tref jy orals aan.

diegene : Diegene wat siek was het ons agtergelaat.

Soos blyk uit die voorbeelde hierbo, word party aanw. vnw. **selfstandig** gebruik (hierdie een, daardie een, ens), ander **byvoeglik** (dieselfde, sulke, ens.).

Die Nederlandse **deze** tref ons nog in Afrikaans aan as **dees**, **dese**, **deus**, **dus** in 'n paar geykte uitdrukkinge soos : vandeusjaar, vandeusmaand, van dese jaar, deusmaand, deusjaar, deuskant, duskant, ens.

(8) ONBEPAAALDE VNW.

Onbepaalde vnw. verwys nie na 'n besondere persoon of saak nie, maar het 'n baie algemene karakter, b.v.

Enigeen kan dit doen.

'n **Mens** behoort jou werk altyd goed te doen.

G'n mens kon ooit droom dat dit sou gebeur nie.

Verder kry ons as onbepaalde vnw. : **iemand**, **niemand** ; **enige**, **iedereen**, **geeneen** ; **elk**, **elke**, **elkeen** ; **sommige**, **party** ; **almal**, **algar** ; **iets**, **niks**.

Pers. en ander vnw. word dikwels as vnw. met 'n onbepaalde karakter aangetref, soos in :—

Wie nie werk nie, kan nie eet nie.

Jy kan nooit sê wat more kan gebeur nie.

Let op die gebruik van **party . . . ander** (Party vrouens hou van donker mans, ander van ligte mans), **'n mens . . . jy . . . jou** ('n Mens moet altyd jou bes doen as jy suksesvol wil wees).

Oefening 5a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om in sinne te gebruik :—
Plaasvervangers, aanspreekvorm, afwyk, persoonsverbeelding, terugwerkende, beïnvloed, selfstandig, byvoeglik, vestig, verwys.

Oefening 5b.

Vul in die ontbrekende vnw. :—

1. Die man — ek gister gesien het, sê dat — vrou — been gebreek het.
2. — vabond, waarom steel jy oom Koos — appels ?
3. Hierdie boek is nie — (1e pers.) nie, ook nie — (2e pers.) nie, maar Piet —.
4. Hy verbaas — oor die vader en die seun — soen.
5. Die vrou — man dood is gaan weer trou.
6. Die stoel — ek sit is — (3e pers., vroulik).
7. In die nood leer 'n mens — vriende ken as — vriende het.
8. Meneer, is hierdie boek — ? Ek dag — het — boek vergeet.
9. Hier is die vrou — ons gepraat het.
10. 'n Prins — jy reken is net so wisselvallig as 'n strooihalm — jy leun.

Oefening 5c.

Soos vorige oefening :—

Ek het gedink dis — boek, maar Jan sê dis —. Annie het gister gesê dis —. Sê nou vir my : — is dit ?

As dit Jan — boek is, kan dit nie Annie — wees nie ; en as dit Annie — boek is, kan dit nie Jan — wees nie. As ons aldie sê dat dit — boek is, — gaan dit dan kry ?

Daar is twee boeke op die tafel ; — een is vir jou die mooiste ? As daar twee boeke is en 'n mens moet kies — een — wil hê, moet — altyd — brein gebruik voor — kies.

Daardie twee kinders het — lief want hulle soen — dikwels.

Het daar iemand gekom ? Nee, daar het — gekom nie. Het jy iets gesien ? Nee, ek het — gesien nie.

Waarom is jy so vol bloed ? Ek het — seergemaak. Het Piet — seergemaak ? Nee, ek het — seergemaak.

Oefening 5d.

Dit is **ek**. Dis **my** boek. Die boek is **myne**.

Skryf hierdie sinnetjies oor, maar gebruik die volgende vnw. en snw. in plaas van **ek**, **my**, en **myne** :—

Jan, jy, u, hy, ons, Anna, hulle, Vader.

Oefening 5e.

Benoem die vnw. wat jy in **5c** ingevul het, d.w.s. sê **watter soort** (persoonlik, betreklik, ens.), **watter persoon** (1e, 2e of 3e), **watter getal** (enkeltv. of meerv.) en **hoe** hulle gebruik word (selfstandig of byvoeglik).

TIEN VRAE (op Hoofstuk 5).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Wat is vnw ?
2. In watter **agt** klasse kan ons vnw. verdeel ?
3. Wanneer gebruik ons **jy**, wanneer **u** en wanneer **gy** ?
4. Wat is die onderskeid tussen :—
 - (i) die attributiewe en predikatiewe gebruik ;
 - (ii) die selfstandige en byvoeglike gebruik van vnw., en watter vnw. word so gebruik ?
5. Kritiseer die volgende sinne :—
 - (i) Dis 'n stoel ; ek sit op dit.
 - (ii) Dis die klip wat ek hom mee gegooi het.
 - (iii) Dis die man wat ek van gepraat het.
 - (iv) Dis die boek ; uit dit kan jy baie leer.
 - (v) Dis gif wat ons sprinkane mee spuit.
6. Wat is die onderskeid tussen wederkerende en wederkerige vnw. ?
7. Gebruik—

dit (i) as pers. vnw. ; (ii) as aanw. vnw.
my (i) as besit. vnw. ; (ii) as wederkerende vnw.
wat (i) as betreklike vnw. ; (ii) as vragende vnw.
wie (i) as vragende vnw. ; (ii) as onbepaalde vnw.
jy (i) as pers. vnw. ; (ii) as onbepaalde vnw.
8. Watter invloed het voors. op **wat** :
 - (i) as **wat** betrekking het op persone ;
 - (ii) as **wat** betrekking het op dinge ?
9. Wat is die verskil tussen **die** en **dié** ?
10. **Hy skeer hom** kan twee betekenisse hê. Verduidelik.

HOOFSTUK SES.

DIE BNW. : -E- VERBUIGING.

Die meeste bnw. kan **attributief** (vóór 'n snw.) of **predikatief** (ná 'n ww.) gebruik word, b.v.

Oom Jan is 'n baie **ou** man (attributief).

Die man is **oud** (predikatief).

ALLEEN ATTRIBUTIEF word gebruik :—

- (1) **Stofaanduidende** bnw. : 'n goue horlosie, 'n silwer beker, 'n lakense pak, 'n koper skinkbord, ens.

Opm.—In baie gevalle word die stofaanduidende bnw. en die daaropvolgende snw. aanmekaar geskryf. So kry ons samestellinge soos : glasdeur, blikbord, koperpan, strooidak, ens.

- (2) Bnw. **afgelei van snw.** (eiename en soortname), b.v.

Van eiename : Suid-Afrikaanse vrugte, die Worcesterse onluste, Engelse vriende.

Van soortname : ouerlike tug, wanhopige pogings.

Opm.—Hierdie algemene reël het tal van uitsonderings. Dikwels word bnw. wat van snw. afgelei is, ook wel predikatief gebruik, soos in : ons was wanhopig, julle is kinderagtig, ens.

- (3) Bnw. wat **tyd, plek** of **rigting** aandui (baie van hulle is afgeleide bnw.), b.v. my maandelikse salaris, ons daaglikse brood, die boonste verdieping, die binnekantse voering, die onderste vloer, die huidige dag, die ewige rus, die teenswoordige regering, ens.

ALLEEN PREDIKATIEF word gebruik 'n aantal bnw. wat van ww. afgelei is, soos **bestand, bevrees, gedagtig, geneig, gewend**, b.v.

Ons is nie teen die vyand bestand nie.

Ek is bevrees jy sal nie slaag nie.

Hy is geneig om foute te begaan.

Soos ons in Hoofstuk 2, par. 7 aangetoon het, kan die stellende trap van sommige bnw. verbuig word deur -E by te voeg. Dit is belangrik om daarop te let dat **alleen attributief-gebruikte bnw. kan verbuig word**; as bnw. predikatief gebruik word, bly hulle vorm altyd onverboë. Vergelyk die volgende:

Hoog: Dis 'n **hoë** boom. Die boom is **hoog**.

Oud: Dis 'n **ou** gewoonte. Die man is **oud**.

Die volgende reëls vir die -E-verbuiging raak bnw. dus alleen wanneer hulle attributief staan.

A. ALGEMENE REËL.

Attributief-gebruikte bnw. neem **e** in die volgende gevalle:—

- (1) **Eenlettergrepige bnw.** op **d, f, g, s** (ander eenlettergrepige bnw. verander gewoonlik nie).
- (2) **Meerlettergrepige bnw.** (met weinige uitsonderings).

VOORBEELDE van (1).

D.	breed	breë	'n breë plank.
	dood	dooie	'n dooie perd.
	goed	goeie	'n goeie voorbeeld.
	koud	koue	'n koue winter.
	wyd	wye	'n wye pad.
	wreed	wrede	'n wrede barbaar.
	hard	harde	'n harde neut.
	blind	blinde	'n blinde man.

Opm.—Soos ons al in Hoofstuk 3, A (c) gesien het, val **d** in die verboë vorme gewoonlik weg so gou soos dit tussen vokale te staan kom—die „intervokaliëse” **d** val weg.

Brede word dus **breë**, **wyde** word **wye**, ens. As daar gevaar is dat die eind-**e** en die voorafgaande klinker 'n tweeklank vorm, dan gebruik ons die deelteken, soos in **breë**.

In dooie, goeie kry ons 'n **i** in die **d** se plek.

Let op dat **wrede** die **d** behou.

F.	braaf	brawe	brawe, goeie mense.
	doof	dowe	'n dowe kêrel.
	lief	liewe	liewe vriend.
	half	halwe	'n halwe eier.
	dof	dowwe	'n dowwe geluid.
	laf	lawwe	lawwe stories.
	grof	growwe	growwe hande.

Opm.—In die verboë vorme verander **f** tot **w** na 'n lang klinker of medeklinker, en tot **ww** na 'n kort, beklemtoonde klinker. Dieselfde verskynsel het ons in Hoofstuk 3, par. A (d), (e) gesien.

G.	droog	droë	droë hout.
	laag	lae	'n lae stoeltjie.
	leeg	leë	'n leë glas.
	vroeg	vroeë	vroeë vrugte.
	dig	digte	'n digte bos.
	eg	egte	egte vriendskap.
	lig	ligte	ligte skofte.
	reg	regte	die regte som.
	sag	sagte	'n sagte perske.
	sleg	slegte	'n slegte vent.

Opm.—Die intervokalie **g** val weg. Let op dat bnw. wat oorspronklik (in Nederlands) op **t** uitgegaan het, die **t** in die verboë vorme behou: **ligte** (Ndl. licht), **slegte** (Ndl. slecht). Hulle het meesal 'n kort, beklemtoonde klinker.

S.	dwaas	dwase	'n dwase stap.
	kras	krasse	'n krasse bewering.
	snaaks	snaakse	'n snaakse storie.
	trots	trotse	'n trotse ouer.
{	vas	vaste	'n vaste betrekking.
	woes	woeste	'n woeste barbaar.
	juis	juiste	'n juiste weergawe.

Opm.—Vas, woes, juis (Ndl. vast, woest, juist) behou die **t** in die verboë vorme.

VOORBEELDE van (2).

kop-pig	koppige	'n koppige kind.
heer-lik	heerlike	'n heerlike vakansie.
aan-ge-naam	aangename	'n aangename verrassing.
a-mu-sant	amusante	amusante voorvalle.

B. UITSONDERINGS OP ALGEMENE REËL.

- 'n Paar eenlettergrepige bnw. nie op **d**, **f**, **g**, **s** nie, word verbuig:

naak	naakte	die naakte waarheid.
puur	pure	'n pure man, pure klip.

2. 'n Paar eenlettergrepige bnw. op **s** bly onverboë :

bros	bros	bros hout.
fris	fris	'n fris seun.
los	los	'n los paal.
vars	vars	vars eiers.

3. Meerlettergrepige bnw. op **er** word gewoonlik nie verbuig nie (hieronder val al die vergrotende trappe) :

ander	ander	die ander kamer.
donker	donker	'n donker hoek.
groter	groter	'n groter gek.

Opm.—**Ander** is verboë in : **onder andere**.

4. Enige bnw. (d.w.s. ook dié wat gewoonlik nie verbuig nie, soos die meeste eenlettergrepige bnw.) kan verbuig word as dit **met sterk nadruk** of **in figuurlike sin** gebruik word. Vergelyk die volgende voorbeelde waar ons die onverboë en verboë vorme naas mekaar kan kry al na gelang van die gebruik :—

Gewone gebruik.

'n duur	grammofoon
'n ryp	peer
'n lui	kind
'n bang	man
'n groot	grap
diep	water
'n grys	pak
'n skoon	gesig

Met sterk klem of figuurlik.

Ek het 'n dure	les geleer.
Hy het van rype	ondervindings gepraat.
Hy is 'n luie	vabond.
Dit was 'n bange	nag.
Wat 'n grote	bohaai oor niks !
Ek moes deur diepe	waters gaan.
Dis skimme uit die gryse	verlede.
Jy het 'n skone	toekoms.

C. ALGEMENE OPMERKINGS BY BNW.

1. Eenlettergrepige bnw. op **-ng** (jong, bang, lang, wrang) eindig nie op die **g**-klank nie maar op **-ng**, en word dus gewoonlik nie verbuig nie : 'n jong, lang, bang man ; 'n wrang smaak.
2. Bnw. soos **skelm, warm** is volgens spelling eenlettergrepig maar volgens uitspraak (skel-lem, war-rem) werklik twee-lettergrepig. Hulle word gewoonlik nie verbuig nie en is in so ver 'n uitsondering op die algemene reël waarvolgens meerlettergrepige bnw. verbuig : 'n skelm laggie, 'n warm patat, 'n arm man.

3. Meerlettergrepige bnw. op **-el** is baie onvas: party word verbuig, ander bly gewoonlik onverboë:—
 'n respektable man, 'n edel karakter, 'n miserabele mislukking.
4. Let op die onderskeid tussen:—
 { 'n **arm** man (nie ryk nie), en
 { 'n **arme** miljoenêr (wat ons medelye verdien).
 { 'n **heel** ruit (nie stukkend nie), en
 { 'n **hele** ruit (nie helfte nie).
 { 'n **naar** man (hy voel sleg), en
 { 'n **nare** man ('n nare vent).
5. **saf** het as verboë vorme **sawwe** en **saftte**, b.v. 'n sawwe peer, 'n saftte perske, sawwe (saftte) leer.
6. Die volgende bnw. het spesiale vorme vir attributiewe en predikatiewe gebruik:—

Attributief.

jong
lang
ou
nuwe

Predikatief.

jonk
lank
oud
nuut

B.v. 'n jong man; die man is jonk;
 'n lang man; die man is lank;
 'n ou man; die man is oud;
 'n nuwe boek; die boek is nuut.

7. Die spelling van die verboë vorme van eenlettergrepige bnw. op **g** verdien noukeurige aandag:—

Onverboë.**Verboë.**

hoog
 droog
 moeg
 vroeg

hoë
droë
moeë
vroeë

} één **o**, één **e** met deelteken.
 } één **o**, twee **e**'s met deelteken op laaste **e**.

Oefening 6a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om sinne mee te maak:—

Noukeurig, attributief, predikatief, verboë, nadruk, figuurlik, intervokaliëse, verskynsel, tweeklank, volgens.

Oefening 6b.

Vul in die regte vorm van die bnw. tussen hakies :—

'n (hard) vloer	'n (sag) kussing	'n (berug) skelm
'n (breed) plank	'n (log) massa	(rein) water
'n (wreed) man	die (ewig) rus	die (rein) waarheid
'n (wyd) sloot	'n (skuldig) man	die (groot) oseaan
'n (lief) vrou	'n (lang) paal	'n (groot) kind
'n (muf) reuk	'n (vas) aanbod	'n (arm) man
'n (massief) gebou	'n (los) klip	'n (arm) sukkelaar
'n (hoog) boom	'n (dwaas) stap	'n (oud) huis
'n (laag) dak	'n (woes) kêrel	'n (nuut) boek
(vroeg) vrugte	'n (trots) ouer	(ru) soldate
'n (droog) stomp	ons (daaglik) brood	(moeiliker) dinge
'n (moeg) esel	'n (glad) vloer	'n (edel) karakter
'n (sleg) vent	'n (mooi) meisie	'n (goud) horlosie
'n (vaag) idee	'n (mak) perd	'n (dood) perd
'n (stug) persoon	'n (maklik) taak	'n (goed) skolier
'n (bang) kind	'n (vetter) vrou	'n (sku) meisie
'n (winderig) dag	'n (beroemd) digter	'n (dof) lig

Oefening 6c.

Gebruik die volgende bnw. in sinne—(a) eers attributief, en (b) dan predikatief :—

(B.v. Sannie is 'n **mooi** meisie. Sannie is **mooi**.)

belangrik	jong	kalmer	skeef
aangenaam	goed	dringend	nuut
duidelik	opreg	fatsoenlik	bang
heerliker	koud	vernaam	dood
verkeerd	krom	opreg	vreemd

Oefening 6d.

Sê wat die onderskeid is tussen :—

'n naar man, 'n nare man ; 'n heel ruit, 'n hele ruit ; 'n arm man, 'n arme man ; diep water, diepe waters ; skoon seun, skoonseun ; ou ma, ouma ; suur lemoen, suurlemoen ; laagwater en lae water ; 'n half-vrot peer en 'n halwe, vrot peer ; bitter duur vrugte en bitter, duur vrugte ; 'n mooi-geskrewe opstel en 'n mooi, geskrewe opstel ; geel wortels, geelwortels.

Oefening 6e.

Gee die teëstellings van (b.v. iets is goed of sleg):—

- | | |
|-----------------------------|---------------------------------|
| 1. Jan is fluks of —. | 11. 'n Verhaal is boeiend of —. |
| 2. Jan is oud of —. | 12. 'n Kind is opgeruimd of —. |
| 3. Die boek is oud of —. | 13. 'n Saak is dringend of —. |
| 4. Hy het baie of —. | 14. 'n Man is opreg of —. |
| 5. Iets is warm of —. | 15. 'n Man is lig of — gewond. |
| 6. Die lemoen is soet of —. | 16. 'n Kalm of — see. |
| 7. Die kind is soet of —. | 17. Vars of — melk. |
| 8. Die tee is soet of —. | 18. Vars of — blomme. |
| 9. 'n Kamer is lig of —. | 19. Vars of — eiers. |
| 10. 'n Pakkie is lig of —. | 20. Vars of — troepe. |

TIEN VRAE (op Hoofstuk 6).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik).

1. Wanneer sê ons 'n bnw. word attributief gebruik, en wanneer predikatief?
2. Watter bnw. word net attributief gebruik?
3. Watter bnw. word net predikatief gebruik?
4. Wanneer kan 'n bnw. **-e** neem: as dit attributief of predikatief (of albei) is?
5. Gee 'n algemene reël vir die **-e**-verbuiging van bnw.
6. Gee vier klasse van bnw. wat uitsonderings op hierdie algemene reël is.
7. Wat verstaan jy onder die „intervokaliëse” **d** en **g**, en wat gebeur met so 'n **d** en **g**? Waar het ons vroeër dieselfde verskynsel opgemerk?
8. Waarom—
 - (1) val die **d** weg in **wyde** (wye), maar nie in **harde** nie?
 - (2) neem **droog** 'n **e** ('n droë boek) en **bang** ('n bang man) nie—albei eindig tog op **g**?
 - (3) kry ons **ww** in **dowwe** maar **w** in **dowe**?
 - (4) kry **droë** 'n deelteken en **lae** nie?
 - (5) is daar 'n **t** in : regte, egte, digte, ens.?
9. Kan ons sê: 'n **mooi** verhaal en 'n **mooie** verhaal? So ja, wanneer?
10. Onder watter omstandighede kan enige attributiewe bnw. 'n **e** neem?

HOOFSTUK SEWE.

DIE BNW. : TRAPPE VAN VERGELYKING.

Daar is baie **sterk** seuns in my klas. Jan is **sterker** as Piet, maar Gert is die **sterkste** van hulle almal.

In hierdie sinne kry ons drie verskillende grade of trappe van sterkheid: **sterk** (**stellende trap**, wat 'n eienskap in sy gewone graad aandui); **sterker** (**vergotende trap**, wat ons gewoonlik gebruik as ons dieselfde eienskap by twee persone of sake vergelyk); **sterkste** (**oortreffende trap**, wat gewoonlik die hoogste graad van 'n eienskap aandui).

Die meeste bnw. het vorme om hierdie drie grade aan te dui.

ALGEMENE REËL.

By die stellende trap voeg :—

-ER vir die vergotende trap ;

-STE vir die oortreffende trap.

Stellende Trap.	Vergotende Trap.	Oortreffende Trap.
(1) aangena am wreed loom	aangena mer wre der lo mer	aangenaam ste wreed ste loom ste
(2) mak snel fris los dun	mak ker snell er fris ser loss er dun ner	mak ste snel ste fris ste los ste dun ste
(3) breed koud	bre ër kou er	breed ste koud ste

(4)	hoog droog moeg vroeg laag leeg	hoër droër moëer vroeër laer leër	hoogste droogste moegste vroegste laagste leegste
(5)	gaaf skeef doof lief	ga wer ske wer do wer lie wer	gaafste skeefste doofste liefste
(6)	laf dof muf	la wwer do wwer mu wwer	lafste dofste mufste
(7)	lig sleg sag	lig ter sleg ter sag ter	ligste slegste sagste
(8)	vas woes juis	vast er woest er juist er	vasste woesste juisste

Die oortreffende trap is altyd reëlmatig : ons voeg elke slag **-ste** by die stellende trap. Waar die stel. trap dus op 'n **s** eindig, kry ons **ss** in die oortreffende trap, b.v. losste (los + ste), vasste (vas + ste).

Let op die onderskeid tussen **vaste** (verboë vorm van stel. trap) en **vasste** (oortr. trap). So ook : woeste en woessste, juiste en juisste.

Die vergrotende trap is al wat enige moeilikheid kan gee, en moet noukeurig bestudeer word. Onthou dat die vergr. trap maar net die verboë vorm van die stel. trap + **r** is.

Vergrotende trap = Verboë stel. trap + r

nuwer	nuwe	+ r
aangenamer	aangename	+ r

As die vorige hoofstuk oor -E-verbuiging deeglik studeer is, sal die vergrotende trap min moeilikheid oplewer.

Verder moet onthou word dat ons dieselfde spelreëls, wat ons in Hoofstuk 3 by meervoude toegepas het, ook hier moet toepas. (Sien Hoofstuk 3, A, Opmerkinge.)

ONREËLMATIGE VORME.

Studeer die volgende onreëlmatige trappe van vergelyking :—

goed	beter	beste
baie } veel }	meer	meeste
bietjie } weinig }	minder	minste
min		
vroeg	eerder (vroëër)	eerste (vroegste)
laat	later	laaste (laatste)
kwaad	kwater	kwaadste
nuut	nuwer (nuter)	nuutste
na	nader	naaste
ru	ruwer	ruuste
sku	skuwer	skuuste
slu	sluwer	sluuste

Verder moet ons daarop let dat bnw. waarvan die stellende trap op **R** eindig, **-DER** in die vergrotende trap kry :—

ver	verder	verste
seer	seerder	seerste
suur	suurder	suurste
bitter	bitterder	bitterste

Die gebruik van MEER en MEES om die vergr. en ootr. trap te vorm is beperk alleen tot **verlede deelwoorde** (as bnw. gebruik) en **bnw. op -E**, b.v.

verlate	meer verlate	mees verlate
verafgeleë	meer verafgeleë	mees verafgeleë
tevrede	meer tevrede	mees tevrede

OPMERKINGE.

1. { **Kwaad** (oor iets—'n tydelike karaktertrek).
Kwaai (sleg gehumeurd—'n permanente karaktertrek).
(Kwaai is heeltemal reëlmatig: -er, -ste).

2. **so groot soos ; groter as.**

Met die stellende trap gebruik ons dikwels **so . . . soos**, b.v.

Ek is so groot soos Piet.

Na die vergrotende trap gebruik ons **as** of **dan**, b.v.

Ek is groter as Jan.

Dan word selde gebruik, gewoonlik net wanneer daar alreeds 'n **as** in die sin is :

As ek groter **dan** Jan is, waarom sê jy ek is nie ?

3. **Aller** word dikwels as versterkingsvoorvoegsel saam met die oortreffende trap gebruik, nie om noodwendig die hoogste graad uit te druk nie, maar eenvoudig 'n **baie hoë graad**, b.v.
'n allerskoonste toncel (regtig **baie** mooi).

GEEN TRAPPE VAN VERGELYKING.

Party bnw. kan onder gewone omstandighede uit die aard van hulle betekenis geen trappe van vergelyking hê nie, soos :—

- (1) Bnw. wat **alreeds die hoogs moontlike graad** uitdruk : dood, almagtig.
- (2) **Stofaanduidende bnw** : goue, koper, silwer, glase, lakense, ens.
- (3) Samegestelde bnw. soos **spierwit, pikswart**, ens., wat alreeds 'n baie hoë graad uitdruk. In die volgende paragraaf word meer voorbeelde gegee.
- (4) Bnw. wat **van ander rededele afgelei** is : Suid-Afrikaanse, maandelikse, jaarlikse, weeklikse, Wellingtonse, ens.

* * * *

Samegestelde bnw. : spierwit, pikswart, ens.

wit	spierwit, sneeuwit	soet	suikersoet, stroopsoet
swart	pikswart, gitswart	bitter	galbitter
groen	grasgroen	suur	asynsuur
blou	potblou	maer	brandmaer
rooi	bloedrooi	vet	spekvet, moddervet
vaal	asvaal	ryk	skatryk
geel	goudgeel	arm	brandarm
oud	stokoud	droog	kurkdroog
jonk	bloedjonk	nat	papnat, sopnat, waternat
nuut	splinternuut	hoog	hemelhoog
goed	doodgoed	vol	propvol
sleg	kaffersleg	leeg	dolleeg
wyd	wawyd	koud	yskoud
ryp	papryp	warm	vuurwarm
stil	doodstil	doof	stokdoof
lam	boeglam		

flou	stokflou	blind	stokblind
siek	doodsiek	dun	plankdun
fris	perdfris	dik	trommeldik
fyn	piekfyn		knuppeldik
vas	rotsvas	duur	bitterduur
saf	papsaf	goedkoop	spotgoedkoop
hard	kliphard	bleek	doodsbleek
gek	stapelgek	lewendig	springlewendig
moeg	doodmoeg	dood	morsdood
verlief	smoorverlief, doodverlief	orent	penorent
suinig	vreksuinig	reguit	penreguit
bedoord	doodbedoord	lelik	skreeulelik
naak	poedelnaak	oop	wydoop, wawydoop
nakend	poedelnakend	styf	stokstyf
snel	bliksemsnel, pylsnel	vry	voëlvry
beroemd	wêreldberoemd	skoon	silwerskoon, wonderskoon
breed	hemelsbreed	skraal	rietskraal

Opmerking. Uit die voorbeelde blyk dat **dood** dikwels gebruik word om 'n hoë graad uit te druk ; ook **brand**. Die oorspronklike betekenis van hierdie woorde word nie meer gevoel nie, m.a.w. hulle het in sulke gevalle soos dié hierbo eenvoudig die funksie van voorvoegsels met die betekenis „baie” (Sien ook Hoofstuk 18).

Oefening 7a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om in sinne te gebruik :—
aard, vergelyking, verskillende, eienskap, reëlmatig, aandui, toepas, eenvoudig, karaktertrek, omstandighede.

Oefening 7b.

Gee die trappe van vergelyking van :—

hoog, laag, vroeg, droog, vaag, moeg, sag, bang, sleg, log, gelukkig, moedig, wyd, breed, wreed, beroemd, baie, grasgroen, hard, daaglik, suf, baar, doof, massief, seer, onpretensieus, verlate, grof, mak, moeilik, hees, vas, kwaad, kwaai, na, lank, tevrede, onaantreklik, ru, los, dood, goed, glad, sku, geslepe, verspot, verafgeleë, silwer, teer, laf.

Oefening 7c.

Die teenoorgestelde van **spierwit** is **pikswart**. Gee nou die teenoorgestelde van :—

Skatryk, spekvet, stokoud, papnat, papsaf, propvol, perdfrys, suikersoet, springlewendig, vuurwarm.

Oefening 7d.

Gee samegestelde bnw. wat 'n hoë graad uitdruk (b.v. wit, spierwit) :—

groen, blou, rooi, vaal, geel, goed, ryp, soet, bitter, dun, dik, fyn, wyd, oop, stil, lam, skraal, vas, gek, vry, moeg, snel, bedaard, mooi, lelik, bleek, naak, verlief, orent, goedkoop.

Oefening 7e.

Voltooi die volgende met snw. wat pas :—

(b.v. 'n **Motor** is **vinniger** as 'n **fiets**).

- | | |
|-----------------------------|----------------------------|
| 1. — is duurder as —. | 6. — is majestueuser as —. |
| 2. — is nadeliger as —. | 7. — is woester as —. |
| 3. — is gesonder as —. | 8. — is beskaafder as —. |
| 4. — is geleerder as —. | 9. — is barbaarser as —. |
| 5. — lyk aantrekliker as —. | 10. — is bitterder as —. |

TIEN VRAE (op Hoofstuk 7).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik).

1. Wat verstaan jy onder trappe van vergelyking ?
2. Wat is die algemene reël om trappe te vorm ?
3. Watter uitsonderings is daar op die algemene reël ?
4. Wat is die onderskeid tussen **vaste** en **vasste** ?
5. Watter een vereis die meeste studie—die vergrotende of die oortreffende trap ? Waarom ?
6. Wat is 'n maklike manier om die vergr. trap te vorm as ek weet wat die verhoë vorm van die stel. trap is ?
7. Wanneer word **meer** en **mees** gebruik om trappe te vorm ?
8. Watter bnw. het geen trappe van vergelyking nie ?
9. Wanneer sê ek : groter **as**, en wanneer : groter **dan** ?
10. Waarom sê ons dat **dood-**feitlik 'n voorvoegsel is in samegestelde bnw. soos : doodbedaard, doodluiters, doodmoeg, ens. ?

HOOFSTUK AGT.

TELWOORDE.

Soos ons in Hoofstuk 2, par. 8 aangetoon het, kan telwoorde in hoof- en rangtelwoorde verdeel word : **hoofelwoorde** sê vir ons **hoeveel, rangtelwoorde** sê vir ons **die hoeveelste.**

Die volgende vorme word hier aangetref :—

Hoofelwoorde.	Rangtelwoorde.
1 een	1ste eerste
2 twee	2de tweede
3 drie	3de derde
4 vier	4de vierde
5 vyf	5de vyfde
6 ses	6de sesde
7 sewe	7de sewende
8 ag(t)	8ste ag(t)ste
9 nege (neë)	9de negende (neënde)
10 tien	10de tiende
11 elf	11de elfde
12 twaalf	12de twaalfde
13 dertien	13de dertiende
14 veertien	14de veertiende
15 vyftien	15de vyftiende
16 sestien	16de sestiende
17 sewentien	17de sewentiende
18 agtien	18de agtiende
19 negentien (neëntien)	19de negentiende (neëntiende)
20 twintig	20ste twintigste

21 een-en-twintig	21ste een-en-twintigste
22 twee-en-twintig	22ste twee-en-twintigste
30 dertig	30ste dertigste
33 drie-en-dertig	33ste drie-en-dertigste
40 veertig	40ste veertigste
44 vier-en-veertig	44ste vier-en-veertigste
50 vyftig	50ste vyftigste
55 vyf-en-vyftig	55ste vyf-en-vyftigste
60 sestig	60ste sestigste
66 ses-en-sestig	66ste ses-en-sestigste
70 sewentig	70ste sewentigste
77 sewe-en-sewentig	77ste sewe-en-sewentigste
80 tagtig (taggentig)	80ste tagtigste (taggentigste)
88 ag-en-tagtig	88ste ag-en-tagtigste
90 negentig (neëntig)	90ste negentigste (neëntigste)
99 negen-en-negentig	99ste negen-en-negentigste
100 honderd	100ste honderdste
101 honderd-en-een	101ste honderd-en-eerste
500 vyfhonderd	500ste vyfhonderdste
1,000 duisend	1,000ste duisendste
1,500 eenduisend vyfhonderd	1,500ste eenduisend vyfhonderdste
1,000,000 miljoen	1,000,000ste miljoenste

Let op dat ons skrywe :—

- drie** maar **dertien**, **dertig**.
vier(ie) maar **veertien**(ee), **veertig**(ee).
 sewe maar **sewentien**, **sewentig**.
 ag(t) maar **tagtig**, **taggentig**.
 nege(neë) maar **negentien** (neëntien), **negentig** (neëntig),
negen-en-negentig.

-STE en -DE.

Skrywe die rangtelwoorde met :—

- (1) **-STE** : in **eerste**, **agste**, **miljoenste** ;
 as hooftelw. op **d** eindig (honderdste, duisendste) ;
 as hooftelw. op **g** eindig (agste, vyftigste).
- (2) **-DE** in alle ander gevalle : sewende, tiende, ens.

LANG GETALLE.

- 1900 : eenduisend negehonderd (negentienhonderd).
 1930 : (a) eenduisend negehonderd-en-dertig.
 (b) negentienhonderd-en-dertig
 1931 : negentienhonderd een-en-dertig.
 80,000 : tagtigduisend.
 80,010 : tagtigduisend-en-tien.
 80,035 : tagtigduisend vyf-en-dertig.
 88,000 : agt-en-tagtigduisend.
 8,888,444 : agtmiljoen agthonderd agt-en-tagtigduisend vierhonderd vier-en-veertig.
 999,333ste : negehonderd negen-en-negentigduisend driehonderd drie-en-dertigste.

Opm. 1.—Samestellinge van **honderd**, **duisend** en **miljoen** skrywe ons in lang getalle as aparte woorde :—

- (a) **Sonder koppelteken** as daar **geen EN** is nie, soos in 1900 en 80,000.
 (b) **Met koppelteken waar EN is**, soos in 1930 ; 80,010, ens.

Opm. 2.—In 'n lang rangtelwoord (soos 999,333ste hierbo) word alleen die laaste woord (drie-en-dertigste) as rangtelwoord geskrywe ; die ander as hoofelwoorde.

BREUKE.

- $\frac{1}{2}$: een-halwe, 'n helfte, helfte.
 $\frac{1}{4}$: een-kwart, 'n kwart, een-vierde, 'n vierde.
 $\frac{3}{4}$: drie-kwart, drie-vierdes.
 $\frac{1}{8}$: een-agste, 'n agste.
 $\frac{3}{8}$: drie-agstes.
 $\frac{5}{9}$: vyf-negendes.
 $\frac{4}{25}$: vier vyf-en-twintigstes.
 $\frac{9}{25}$: nege twee-en-tagtigstes.
 $\frac{23}{100}$: drie-en-twintig honderdstes.
 $\frac{23}{101}$: drie-en-twintig honderd-en-eerstes.

Die teller (boonste getal) is altyd 'n hoofelwoord, die noemer (onderste getal) 'n rangtelwoord. Teller en noemer word altyd met 'n koppelteken verbind (vyf-negendes), behalwe wanneer teller (soos in $\frac{23}{100}$ bo) of noemer (soos in $\frac{4}{25}$ bo) of albei (soos in $\frac{23}{101}$ bo) alreeds woorde is met koppeltekens.

Opm.—Let op dat koppeltekens gebruik word waar **en** telwoorde verbind, maar **nie** waar **en** telwoorde en breuke verbind nie. Dus :

Vyfhonderd-**en**-tien, maar
Vyfhonderd **en** tien-elfdes.

DATUMS.

Vir datums gebruik ons :—

- (a) Die hooftelwoord **sonder die** ;
- (b) die rangtelwoord **met die**.

Ons skrywe dus :—

- { **Drie** Oktober (3 Oktober), maar
- { **die derde** Oktober (die 3de Oktober).
- { Drie-en-twintig Junie (23 Junie), maar
- { die drie-en-twintigste Junie (die 23ste Junie).

In plaas van **-de** of **-ste** word dikwels net **-e** (vir albei) gebruik ; die 3e Oktober, die 23e Junie.

REGEERDERS.

Georg V—Georg die Vyfde.
Eduard VII—Eduard die Sewende.
Hendrik I—Hendrik die Eerste.
Leo XIII—Leo die Dertiende.

TYDSBEPALINGE.

eenuur	vyfuur	nege-uur
twee-uur	sesuur	tienuur
drie-uur	sewe-uur	elfuur
vieruur	agtuur	twaafluur

Let op die onderskeid tussen :—

- { **tienuur** : Dis nou net tienuur, en
- { **tien uur** : Ons het tien uur lank gewerk.

3.5 : vyf minute oor drie.

3.15 : kwart oor drie.

3.25 : vyf-en-twintig minute oor drie.

3.30 : halfvier.

3.35 : vyf-en-twintig minute voor vier.

3.45 : kwart voor vier.

3.55 : vyf minute voor vier.

v.m. : voormiddag (voor twaafluur noen).

n.m. : namiddag (na twaafluur noen).

My horlosie is voor, agter, wen, verloor.

DAE, MAANDE, JAARGETYE.

Die sewe **dae** van die week : Sondag, Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag, Vrydag, Saterdag.

Die twaalf **maande** van die jaar :—

Januarie (31 dae)	Mei (31 dae)	September (30 dae)
Februarie (28 dae)	Junie (30 dae)	Oktober (31 dae)
Maart (31 dae)	Julie (31 dae)	November (30 dae)
April (30 dae)	Augustus (31 dae)	Desember (31 dae)

Die vier **jaargetye** van die jaar :
lente, somer, herfs, winter.

DIE BEKENDSTE AFKORTINGE.**Afkorting. Verklaring.**

A.C.V.V.	Afrikaans-Christelike Vroue-vereniging
adv.	advokaat
Afr.	Afrikaans(e)
alg.	algemeen
A.N.V.	Algemene Nederlandse Verbond
A.P.K.	Algemene Postkantoor
appl.	applous
art.	artikel
a.s.	aanstaande
A.S.B.	Afr. Studentebond
asb.	asseblief
A.T.V.	Afr. Taalvereniging
A.K.V.	Afr. Kultuurvereniging
bet.	betekenis
b(e)td.	betaald
bl(s).	bladsy(e)
bnw.	byvoeglike naamwoord
b.o.	blaai om
B.O.A.	Brits-Oos-Afrika
b(e)pk.	beperk

Afkorting. Verklaring.

br. in X.	broeder in Christus
b.v.	by voorbeeld
byw.	bywoord
C.J.V.	Christelike Jongeliedevereniging
dat.	datum
deelw.	deelwoord
dept.	departement
Des.	Desember
des.	deser
Di.	Domini (predikante)
d.i.	dit is
dies.	dieselfde
dist.	distrik
dm.	duim ; desimeter
Dm.	Dekameter
dnr.	dienaar
D.O.A.	Duits-Oos-Afrika
dos.	dosyn
Dr. (dr.)	dokter
Ds.	Dominee
D.V.	Deo volente (as God wil)
d.w.s.	dit wil sê

Afkorting. Verklaring.

e.a.	en ander
Ed.	Edele
eerw.	eerwaarde
e.k.	eerskomende
Eng.	Engels
enkelv.	enkelvoud
ens.	ensovoort
geb.	gebore
Gebr.	Gebroeders
geïll.	geïllustreer
gen.	genitief
Gen.	Generaal
get.	geteken
H.d.L.	heil die leser
H.Ed.	Hoog-Edele
hh.	here
h.v.	hoek van
i.p.v.	in plaas van
I.S.M.D.	In Sy Majesteit se Diens
i.s.	insake
j.l.	jongslede
jrt.	jaart
Kapt.	Kaptein
k.b.a.	kontant by aflewering
k.m.b.	kontant met bestelling
Ko. (Kie.)	Kompanie
l.l.	laaslede
l.n.r.	links na regs
L.P.R.	Lid van die Provinsiale Raad

Afkorting. Verklaring.

L.U.K.	Lid van die Uitvoerende Komitee
L.V.	Lid van die Volksraad
mag.	magistraat
m., manl.	manlik
m.a.w.	met andere woorde
meerv.	meervoud
mej.	mejuffrou
mev.	mevrouw
m.i.	myns insiens
mnr(e).	meneer (menere)
my.	maatskappy
N.B.	Nota Bene (let wel)
Ndl.	Nederlands
N.G.K.	Nederduits Gereformeerde Kerk
n.C.	na Christus
n.l.	naamlik
n.m.	namiddag
no.	nommer
N.S.	Naskrif
o.a.	onder andere
oef.	oefening
o.i.	onses insiens
okt.	oktawo
Okt.	Oktober
o.m.	onder meer
ontv.	ontvang
opm.	opmerking
oorg.	oorganklik
o.s.	onderstaande
O.V.S.	Oranje-Vrystaat
p/a	per adres
p.a.	per annum

Afkorting. Verklaring.

p.k.	perdekrag
P.K.	Poskantoor
P.M.G.	Posmeester-Generaal
pres.	president
prok.	prokureur
pub.	publiek
red.	redakteur
reg.	regering
rek.	rekening
R.S.V.P.	repondez s'il vous plaît (antwoord asb.)
S.A.	Suid-Afrika(anse)
S.A.S.	S.A. Spoorweë
S.Ed.	Sy Edele
sekr.	sekretaris
s.i.	syns insiens
S.M.	Sy Majesteit
S.K.H.	Sy Koninklike Hoog- heid
snw.	selfstandige naam- woord
s.o.s.	sien ommesyde
spr.	spreker
S.W.A.	Suid-Wes-Afrika
teenw.	teenwoordig
telw.	telwoord
tes.	tesaurier

Afkorting. Verklaring.

t.t.	totus tuus (geheel die uwe)
t.w.	te wete
U.P.	Unie-parlement
v.d.	van die
ver.	vereniging
verg.	vergadering
verl.	verlede
vgl.	vergelyk
v.h.	voorheen
v.C.	voor Christus
vk.	vierkant
V.K.	Veldkornet
vlg.	volgende
v.m.	voormiddag
vnw.	voornaamwoord
V.R.	Vrederegter
vs.	versus (teen)
V.S.A.	Verenigde State van Amerika
V.K.	Verenigde Konink- ryk
vt.	voet
waarn.	waarnemende
w.g.	was geteken
W.P.	Westelike Provinsie
ww.	werkwoord

Oefening 8a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om in sinne te gebruik :—
verdeel, eindig, teller, noemer, breuk, hooftelwoord, rangtel-
woord, aangetoon, jaargetye, vorme.

Oefening 8b.

Skryf voluit in woorde :—

9 ; 12 ; 14 ; 17 ; 18 ; 19 ; 23 ; 31 ; 33 ; 38 ; 42 ; 46 ;
57 ; 64 ; 75 ; 86 ; 99 ; 128 ; 301 ; 436 ; 505 ; 1,001 ;

1,569 ; 1,815 ; 9,648 ; 10,747 ; 153,121 ; 777,888 ; 999,444 ;
222,333. •

Oefening 8c.

Skryf voluit in woorde :—

- (1) $\frac{4}{7}$; $22\frac{6}{25}$; $555\frac{8}{81}$; $\frac{33}{100}$; $\frac{67}{1000}$; 7,343,656e.
 (2) Datums : 4/9/27 ; 5/1/28 ; 7/2/30 ; 15/8/30 ; 28/4/31.
 (3) Tydsbepalinge : 10.35 v.m. ; 9.15 n.m. ; 7.45 n.m. ;
6.30 v.m. ; 2 n.m. ; 10 v.m. ; 9 n.m.

Oefening 8d.

Antwoord die volgende vrae in goeie volsinne :—

1. Wanneer is jy gebore (dag, maand, jaar) ?
 2. Wanneer gaan jy soggens skool-toe ?
 3. Van hoe laat tot wanneer is jy bedags op skool ?
 4. Gaan jy snags ook skool-toe (gee rede) ?
 5. Wat is die name van die dae van die week ?
 6. Wat is die name van die maande van die jaar ?
 7. Wat is die name van die jaargetye ?
 8. Presies hoe laat is dit nou ?
 9. Wanneer het Van Riebeeck in Tafelbaai aan wal gestap ?
 10. Wat is 'n skrikkeljaar en waarom ?
 11. Wat is die onderskeid tussen rang- en hooftelwoorde ?
 12. Wat verstaan jy onder breuke ?
-